higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6

(20060116)

24 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

019Q1J2124

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Speel ’n rondte “Snap”	A	sterkaart
1.1.2	Ontwikkeling van fynmotoriese vaardighede	B	vormherkenning
		C	ELRU
1.1.3	Denkbeeldige lyn wat die liggaam in gelyke helftes verdeel	D	emosionele regulering
1.1.4	Loer deur ’n kartonrolletjie	E	Grassroots
1.1.5	Luister na die geluid van golwe	F	meetvaardighede
1.1.6	Oortuiging dat kinders hulself opvoed	G	bednatmaak
		H	deursigtigheid
1.1.7	Geakkrediteerde organisasie sonder winsbejag in Kaapstad	I	sny speeldeeg
1.1.8	In 1978 gestig om hulp aan Suid-Afrikaanse gemeenskappe te verleen	J	oogdominansie
		K	riblyn
1.1.9	Sigbare rekord van geskikte gedrag	L	visuele onderskeid
1.1.10	Leer kinders gesonde maniere om gevoelens te hanteer	M	middellyn
		N	absorberende verstand
		O	ouditiewe waarneming

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.2.1 'n Normaal ontwikkelde brein is 'n aanduiding van skoolrypheid.

1.2.2 Mediese probleme beïnvloed kinders se gedrag.

1.2.3 Verkeerde eetgewoontes kan tot vetsugtigheid lei.

1.2.4 Volgens Montessori leer kinders die beste in 'n voorbereide omgewing.

1.2.5 Eenbeentjie speel bevorder oog-hand-koördinasie.

1.2.6 Die Adventure Bus-inisiatief word deur ELRU aangebied.

1.2.7 'n Fisioterapeut werk met taalprobleme.

(10)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n Spel domino's bevorder …

A ouditiewe waarneming.
B vormherkenning.
C visuele geheue.
D datahantering.

1.3.2 Die vul van 'n bottel met knope bevorder die wiskundige konsep van …

A volume.
B posisie.
C opeenvolging.
D grootte.

1.3.3 Wanneer 'n individu inligting deur die vel ontvang, word dit … waarneming genoem.

A ouditiewe
B reuk-
C smaak-
D tas-

1.3.4 'n Termometer bevorder die wiskundige konsep van …

A tydoriëntering.
B meting.
C posisie.
D opeenvolging.

Kopiereg voorbehou

1.3.5 Die volgende aktiwiteit bevorder datahantering:

A Sorteer van blokkies van klein na groot
B Tel tot tien
C Grafiekaktiwiteite
D Staan langs ’n tafel

1.3.6 As ’n kind gereed is om van sy/haar ouers geskei te word, is dit ’n aanduiding van … ontwikkeling.

A perseptuele
B sosiale en emosionele
C positiewe taal-
D motoriese

1.3.7 Die volgende departemente het saamgewerk aan vroeëkinderontwikkeling in Suid-Afrika:

A Onderwys en Maatskaplike Ontwikkeling
B Maatskaplike Ontwikkeling en Gesondheid
C Onderwys en Maatskaplike Justisie
D Onderwys, Maatskaplike Ontwikkeling en Gesondheid

1.3.8 Grassroots Educare Trust se hoofkantoor is geleë in …

A die Wes-Kaap.
B die Oos-Kaap.
C die Noord-Kaap.
D Mpumalanga.

1.3.9 Wanneer kinders vreemde voorwerpe soos sand eet, word dit ... genoem.

A anoreksie
B obesiteit
C pika.
D lekkerbekkigheid


1.3.10 … ouers dissiplineer hul kinders nie veel nie.

A Permissiewe
B Outoritêre
C Onbetrokke
D Gesaghebbende


(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou


1.4 Noem EEN vaardigheid wat sal ontwikkel wanneer die volgende aktiwiteite gedoen word:

1.4.1 

Aktiwiteit: Soek die verskille

1.4.2 

Aktiwiteit: Eenbeentjie

1.4.3 

Aktiwiteit: Doolhof-raaisels

1.4.4 

Aktiwiteit: Loer deur ’n gat/kartonrolletjie

1.4.5 

Aktiwiteit: Skop ’n bal

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1

> "Alle swak gedrag is in werklikheid 'n smagting na liefde, aandag of bevestiging."
>
> Kimberly Giles

[Aangepas uit: *Choosing Clarity: The Path of Fearlessness*]

Noem VYF oorsake van kinders se onvanpaste gedrag. (5 × 2) (10)

2.2

My kinders maak die bed nat: Vier ouers se verhale

Tydlyn vir potjiedissipline:

"Vivienne, my jongste, het die toilet gebruik toe sy ongeveer twee jaar oud was. Sy het dit dadelik gesnap, en was so gretig om haar groot-meisie-onderbroekie te dra dat ek gedink het dit sal nie lank wees voordat sy ophou met nagmerrie-doeke nie. Daar was om die waarheid te sê 'n tyd, toe sy ongeveer drie was, toe sy die hele nag droog gebly het. Maar skielik het sy die bed begin nat maak. Wat ons aanvanklik as toeval beskou het, het in 'n nagtelike gebeurtenis ontaard."

[Bron: *https//www.babycentre.com*, Denise Schipani]

2.2.1 Verduidelik VYF oorsake van bednatmakery. (5)

2.2.2 Noem VYF behandelingsmetodes wat versorgers en ouers kan gebruik om badnatmakery te hanteer. (5 × 2) (10)

2.3 Definieer die volgende terme:

2.3.1 Woedeaanvalle ("Tantrums")

2.3.2 Pediater

2.3.3 Pika

(3 × 2) (6)

2.4

Beëindig bytery

"Angus was 'n sagmoedige kleuter – liefdevol en inskiklik. Hy het egter 'n lelike gewoonte gehad: Hy was 'n byter – nie vriende of familie nie, maar kinders wat hy nie geken het nie. 'Ek kon dit nie glo nie', sê sy ma. 'Dit was aaklig. Vir 'n volle jaar het ek alles vermy buiten om op my eie te wees of by goeie vriende te kuier. Ek het nie vir koffie-oggende, parke of speelareas kans gesien nie. Ek het net heeltemal onttrek.'"

2.4.1 Gee SES redes waarom kinders byt. (6)

2.4.2 Noem VYF strategieë wat versorgers kan gebruik om bytery te hanteer.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

2.5 "Geen erfenis is so ryk soos eerlikheid nie."
William Shakespeare

Gee DRIE strategieë wat ouers kan implementeer om te verseker dat kinders nie leuens vertel nie. (3)
[50]

VRAAG 3

3.1 "MATAL bied na bewering 'n nuwe benadering tot leer, wat die onderwyser help om onderrig van 'n beter gehalte te bied deur 'n bemiddelaar en fasiliteerder in die leerproses te word. MATAL is 'n kindgesentreerde program waarin kinders aktiewe kommunikeerders met hul onderwysers moet wees terwyl hulle leer. Die fokus is op hoe, eerder as op wat, ons dink."

Bron: *Theories and trends with regards to curriculum in early childhood education gathering of information*, Carole Susan Bloch (1994)

3.1.1 Lys die VIER eenhede wat in die MATAL-program uiteengesit word, soos deur Dina Stachel voorgestel. (4)

3.1.2 Noem VYF vaardighede wat deur die MATAL-program bevorder word. (5)

3.1.3 Verduidelik die konsep van *groepwerk*. (5 × 2) (10)

3.2 "Vroeëkinderonderwys is die sleutel tot vooruitgang van die samelewing."
Maria Montessori

3.2.1 Verduidelik die VYF beginsels wat in die Montessori-filosofie uiteengesit word. (5)

3.2.2 Noem VYF vernaamste soorte gedrag wat 'n Montessori-onderwyser sal toon. (5)

3.3 Verduidelik hoe die konsep van *outo-onderwys* kinders vir die werklike wêreld toerus. (5 × 2) (10)

3.4 Noem VYF voorbeelde van hoe ELRU kapasiteitsbou bevorder. (5)

3.5 Identifiseer DRIE faktore wat 'n impak op die vroeëkinderontwikkelingsektor in Suid-Afrika het. (3 × 2) (6)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 "Party ouers ervaar druk van hul familie en die groter gemeenskap om hul kinders so gou moontlik skool toe te stuur. As ouers weet of hul kinders skoolgereed is of nie kan hulle ingeligte besluite rakende hul kinders neem."

[Bron: *https://www.rainbowkids.co.za,* Heidi Bezuidenhout]

4.1.1 Tabuleer VIER verskille tussen *skoolgereedheid* en *skoolrypheid*. (4 + 4) (8)

4.1.2 Noem TWEE uitdagings wat 'n kind se skoolgereedheid met betrekking tot die volgende bemoeilik:

(a) Emosionele ontwikkeling

(b) Taalontwikkeling

(2 × 4) (8)

4.2 Lys SES aktiwiteite wat kinders kan doen om begrip van statistiek te toon. (6)

4.3 Definieer die volgende terme:

4.3.1 Lateraliteit

4.3.2 Oog-hand-koördinasie

4.3.3 Visuele onderskeid

4.3.4 Ouditiewe waarneming

4.3.5 Liggaamlike bewustheid

(5 × 2) (10)

4.4 Onderskei tussen *passiewe taalontwikkeling* en *aktiewe taalontwikkeling*. (2 + 2) (4)

4.5 Noem en verduidelik VYF basiese behoeftes van elke kind. (5 × 2) (10)

4.6 Noem TWEE aktiwiteite wat grootspier-ontwikkeling bevorder. (2 × 2) (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou